agra
SERVICE•RANGE•COUNTRYWIDE

RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS'NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

REKORDPRYSE OP AGRA VEILINGS BEHAAL

Rekordpryse is die afgelope maand op verskeie van Agra se veilings behaal.

Op die jaarlikse wildveiling wat op Saterdag 6 Mei deur Agra by Outjo aangebied is, het kopers hulle hande diep in die sak gesteek om van die gesogte wildspesies te bekom. Die omset van die veiling was N$3,4 miljoen vir die 754 stuks wild, wat uit 'n aanbod van 885 van die hand gesit is. Die oorskot het hoofsaaklik uit Koedoes en Gemsbokke bestaan.

Die grootste koper op die veiling was mnr. Frans Indongo, wat vir meer as N$1,3 miljoen wild gekoop het vir hervestiging op sy plaas naby Otjiwarongo. Drie wit renosters het hom gemiddeld N$175 000 gekos, terwyl hy vir 'n vierde ('n koei) N$180 000 moes opdok.

Die hoogste prys vir 'n enkele Bastergemsbok was N$60 000, terwyl Waterbokke en Njalas vir onderskeidelik gemiddeld N$8 000 en N$9 500 stuk verkoop het. Die grootste koper vir hierdie spesies was mnr. Thomas Dominiq van die Omaruru Game Lodge.

Swartwitpense het tot N$32 000 elk gehaal, Lechwes N$15 500 elk, terwyl die bod vir Elande op N$5 000 elk toegeslaan is.

Die veiling wat deur die Otjikondo Boere-vereniging gereël is, word as 'n reuse sukses bestempel.

Op ander veilings van Agra het dit ewe goed gegaan, waarvan ons die volgende uitlig:

Die KTG Elite Herfs Ramveiling is op 6 April in Keetmanshoop aangebied. 'n Totaal van 64 karakoelramme is vir gemiddeld N$6 515.63 verkoop. Die hoogste prys van N$17 000 is vir 'n swart ram uit die kraal van Lovedale Farming CC betaal. Die koper was Okongona Farming van Stampriet.

Die veiling het groot belangstelling uitgelok, as in aanmerking geneem word dat 50 kopers vir die veiling geregistreer het.

Paul en Arnold Klein se dorper veiling is op 20 April op die plaas Toeloop naby Mariental gehou.

Die 66 ramme wat aangebied is, is vir gemiddeld N$6 545,44 verkoop. Een ram van mnr Paul Klein is vir N$25 000 aan Job Louwrens van Mariental en Johan Roux van Stampriet verkoop.

N$60 000 is vir 'n Bastergemsbok op Agra se wildveiling betaal.

Mnr Phillip van Wyk van Gochas het teen N$25 000 die nuwe eienaar geword van die beproefde stoetram, Nova van mnr Arnold Klein.

Die duurste ooi van mnr Arnold Klein wat opgeveil is, het vir Daan Bosman van Upington N$7 500 uit die sak gejaag.

Die veiling was 'n aanbieding van diere van top gehalte genetiese materiaal.

Die Karakoel ramveiling van PA Karsten op 27 April in Karasburg, het 'n rekord gemiddeld van N$9 509,26 opgelewer. 27 Ramme het onder die hamer gekom.

Die duurste swart ram is vir N$19 500 aan Rossouw Strauss van Ariamsvlei verkoop.

Een van die grootvee stoetveilings wat besondere pryse behaal het, was die Bonsmara veiling van Kavango Beesboerdery op 27 April.

Die duurste bul is vir N$17 500 deur mnr Chris Louw van Grootfontein gekoop.

Die hoogste prys vir 'n vers van N$7 700 is deur Ermo CC van Kamanjab betaal.

Mnr Ben Mouton van Otjiwarongo moes N$9 000 opdok vir die duurste koei & kalf.

Die 71 koeie met kalwers wat aangebied is, het 'n gemiddeld van N$7 222,54 behaal.

Nie minder nie as 53 geregistreerde kopers van oor die hele land het belangstelling getoon met hul bywoning van die veiling.

Mnr Pieter Hugo, Senior Bestuurder Lewendehawe by Agra het sy tevredenheid met die uitslae van die veilings uitgespreek en die onderskeie telers gelukgewens met die besondere prestasies en hoë kwaliteit diere wat aangebied is.

Farming Tips

The importance of a good quality bull or ram can never be over-emphasized. While a female animal contributes her qualities to one calf or lamb, the bull or ram will pass his good or poor quality on to at least 30 progeny per season. Selection of the bull/ram determines whether one is building or destroying the herd's quality. Buying those cheap male animals that nobody else wants is a sure way of degrading one's herd. Speak to the **Agra Livestock Specialist** at the Agra auctions to ensure that you acquire the right quality male animals.

REDAKSIONEEL

Kleinveeprodusente het hulle kommer uitgespreek oor die bespiegelinge dat die kleinveeskema aangepas gaan word na 'n 1:9 verhouding (9 plaaslik geslag vir 1 uitvoer) rakende die uitvoere van lewendige diere. Hoëvlak samesprekings is egter tans aan die gang met die Minister van Landbou oor die aangeleentheid, waaroor breedvoerig in die volgende *Ring* berig sal word.

Die rekordpryse wat op die onlangse SWAKARA veiling behaal is, het tot gevolg gehad dat rekord pryse vir Karakoel teelmateriaal op veilings betaal is. Die Elite Karakoel ramveiling en die veiling van PA Karsten waaroor in hierdie uitgawe berig word, getuig daarvan. Produsente was ywerig om goeie teelmateriaal te bekom van vooraanstaande telers in die land. Myns insiens kan dit verhoogde produksie en kwaliteit tot gevolg hê, en kan daar met verwagting na die volgende pelsveiling uitgesien word.

Dit was egter nie net die Karakoel wat goed presteer het nie. Agra het 'n rekord Wildveiling aangebied, terwyl die Dorperveiling van die Kleins en die Bonsmaraveiling van Kavango Beesboerdery ewe uitstekende teelmateriaal en pryse opgelewer het.

Die noodsaaklikheid van winterlekke om produktiwiteit en winsgewendheid te verhoog word in 'n artikel in hierdie uitgawe deur Jaco Labuschagne van Voermeester uitgespel. "Natuurlike weiding is die goedkoopste voedselbron tot die boer se beskikking. Indien winterlekke die verteerbaarheid van hierdie bron verhoog, beteken dit dat meer vleis geproduseer kan word vanaf dieselfde hoeveelheid beskikbare weiding."

U sal opmerk dat u met die Junie uitgawe van die Ring in die hand sit. Daar sal dus geen Mei uitgawe wees nie. Dit is goed gedink om die datum van hierdie uitgawe te verskuif, aangesien die indruk by lesers bestaan het dat die Ring altyd "laat" verskyn. U sal dus in die toekoms die Ring vir die betrokke maand aan die begin van daardie maand ontvang.

U is steeds welkom om te reageer op artikels wat in die Ring verskyn, of u behoefte uit te spreek vir moontlike artikels wat u geplaas wil hê. Laat gerus van u hoor. Stuur u bydraes aan die Bemarkingsbestuurder van Agra, Mev Birgit Hoffmann by Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan birgith@agra.com.na

Gedagte vir die maand: "Om goedgesind te wees is nie sonder probleme nie. Sommige mense dink dat dit net 'n mens met 'n goeie geaardheid is wat goedgesind is. Hulle slaag dikwels nie daarin om dit as die harde werk van 'n hoogs gemotiveerde welwillende mens raak te sien nie. Daarteenoor word die sleggeaarde mens geprys as hy hom van die kwaad weerhou."

Koöperasiegroete
Sigi Lösch
Privaatsak 12011
Windhoek
Tel. 081 127 8580

SCHALK VERLAAT AGRA

Schalk Pienaar, die takbestuurder van die Windhoek-tak van Agra, gaan Agra se dienste op 15 Junie vanjaar verlaat.

Schalk is sedert 1997 by Agra betrokke toe hy as beursstudent van die koöperasie, Kleinhandel- en Sakebestuur in Kaapstad studeer het. Hy het sy kennis en ervaring van Agra opgedoen deur gedurende vakansies by die Windhoek en Gobabis tak te werk. Die praktiese gedeelte vir sy kursus het hy by die Gobabis tak voltooi.

In 2000 het hy amptelik diens by Agra aanvaar en was hy deel van die destydse Hudson Crane konsultante, wat gemoeid was met 'n strategiese herstruktureringsprogram vir die koöperasie. Na die voltooiing daarvan is hy as aankoper na die Windhoek tak.

In Julie 2001 is Schalk bevorder as takbestuurder van die Okahandja tak, waar hy besonder goed presteer het, deur die tak uit 'n verliessituasie na 'n winsgewende besigheid vir Agra om te skakel. Dit is hier waar hy deur die Okahandja boerevereniging met die "Vriend van die boer" toekenning vereer is.

Hierna is hy na sy tuisdorp, Gobabis, verplaas as takbestuurder van een van Agra se grootste takke. As gevolg van sy bekendheid in die omgewing en met die kliënte, het hy ook hier besonder goed presteer.

Sedert Augustus 2004 was hy takbestuurder van die Windhoek tak van Agra tot met sy bedanking. Alhoewel hy hier met 'n nuwe tipe kliëntebasis te doen gekry het, het hy goed aangepas en selfs daarin geslaag om die begrote netto wins

Schalk Pienaar, takbestuurder van die Windhoek tak, wat Agra eersdaags gaan verlaat.

persentasie van die tak, in die 2004/2005 boekjaar met 110% te oorskry.

Schalk verlaat Agra om sy loopbaan uit te brei en sy ervaring in 'n ander omgewing te verbreed. Hy gaan hom by die Shoprite-groep aansluit as bestuurder in die varsprodukte afdeling.

Hy is van voornemens om Agra weer in die toekoms as werkgewer te oorweeg, indien die geleentheid hom op 'n hoër vlak sou voordoen.

"Ek het baie lekker by Agra gewerk en my werk terdeë geniet. Agra het my baie geleenthede gebied om kennis op te doen en myself te ontwikkel, waarvoor ek baie dankbaar is. My opregte dank aan die boeregemeenskap en al die kliënte met wie ek te doen gehad het, vir hul ondersteuning en by wie ek so baie kon leer," het hy sy onderhoud met die Ring afgesluit.

Agra wens hom sterkte toe met sy nuwe loopbaan.

BLINDNESS IN SMALLSTOCK

(Dr. E S (Stan) Miller: Animal Health Consultancy & Course presenter)

A farmer south-east of Windhoek expressed his concern re. nine out of his flock of 180 goats showing blindness and swelling of the jaws (usually caused by parasites).

The goats all seem perfectly healthy - with normal appetites, chewing normally and no fever but only showing the blindness. Twelve of his goats also show swollen jaws but with no signs of pain or any other visible signs of disease.

Although this seems unlikely, with the plentiful green grass/food present on that farm, my first choice was 7-jaartjie poisoning.

Any toxicoses, which can affect the muscles (as in sponssiekte/black quarter) is really eliminated from the list by the fact that there are no signs of fever or disease (excluding the blindness shown).

There are a few other possible causes of blindness in such animals but without a full examination including a post mortem (nadoodse ondersoek), and the full range of samples, it would be almost impossible to make a definite diagnosis.

However, I must emphasise this, it is of utmost importance that the farmer MUST, for his/her own sake as well as for the benefit of the rest of the stock farming community, try his/her utmost best to confirm a definite diagnosis in all cases.

I would urge all farmers in Namibia to do ANYTHING in his/her power to determine the cause of any such disease(s).

On the animal health side Namibia is lagging behind in research on our local animal diseases/conditions so please use your local vet or phone him to find out the correct samples to take for forwarding to your closest vet laboratory.

One would definitely expect new diseases to occur more often in the extraordinary conditions reigning now - in the biological field, in any case, things change all the time.

Farmers are all most welcome to phone Dr. Miller with such animal health questions but preferably, you are requested to send your questions via his e-mail address at **stanmil@iway.na**

LEKAANVULLING: KYK NA WINS EN NIE NA KOSTE

[Jaco Labuschagne, Bemarkingsbestuurder Voermeester]

Veeboerdery in Namibië is oor die algemeen totaal of eerder gedeeltelik afhanklik van natuurlike weidings. Die belangrikste beperkende faktor van veeproduksie vanaf die natuurlike weidings is die tipiese seisoensvariasie in die kwaliteit en kwantiteit van die natuurlike veld.

Die doel van enige lek kan vereenvoudig word tot die aanvulling van voedingstowwe wat nie deur die veld voorsien word nie. In die geval van winterlekke is daar 'n verdere voordeel deurdat die lek, vanweë die besonderse samestelling, beide die veerteerbaarheid en die inname van winterweidings verhoog. Die verbeterde vertering stel veral meer energie aan die dier beskikbaar wat vir produksie aangewend kan word. Die effek van 'n winter- of proteïenlek is dus nie bloot 'n eenvoudige optel som nie.

Is lekaanvulling nodig?

Mits daar voldoende weiding beskikbaar is, sal skape en beeste die winterperiode sonder enige lekaanvulling oorleef. Die doel van winterlekke is nie om oorlewing te verseker nie, maar om produktiwiteit te optimaliseer en daardeur winsgewendheid te verhoog. Natuurlike weiding is die goedkoopste voedselbron tot die boer se beskikking. Indien winterlekke die verteerbaarheid van hierdie bron verhoog, beteken dit dat meer vleis geproduseer kan word vanaf dieselfde hoeveelheid beskikbare weiding.

Hoeveel voedingstowwe voorsien die veld?

Om hierdie vraag te antwoord sal ons moet veralgemeen. Soetveld in teenstelling met suurveld, behou 'n groot deel van die voedingswaarde in die winter al is die weiding nie meer groen nie. Die verteerbaarheid en die vrywillige inname van die weiding daal egter drasties na die eerste ryp sodat die produksie van die diere vanaf slegs die weiding ook drasties sal afneem.

Wat moet 'n winterlek alles bevat?

Op grond van voedingstof ontledings van natuurlike soetveld weidings en die behoeftes van beeste, behoort 'n lek 120 tot 200 g proteïene per dag te voorsien. Daarteenoor behoort 'n lek vir skape in die orde van 25 tot 45g proteïene per dag te voorsien. Ureum kan gebruik word om die grootste deel van nie-proteïen-stikstof in die lek te voorsien. Die hoeveelheid energie moet slegs genoeg wees om die optimale benutting van ureum te verseker. Molassemeel, molassepoeier en mieliemeel is beide vinnig verteerbare energiebronne, wat uitstekend saam met Ureum werk. Winterlek moet egter ook fosfaat aanvul, en daarom word 'n fosfaat- bevattende grondstof altyd by winterlekke ingesluit. Swael word ook by winterlekke ingesluit om effektiewe benutting van ureum te verseker. Sout word ingesluit om die diere se soutbehoefte te bevredig, sowel as om inname te beheer.

Wat is die voordele vir die boer?

'n Nagraadse studie deur Dr. Isak Groeneveld wys duidelik die biologiese en ekonomiese voordele van 'n strategiese lekaanvullingsprogram. Uit die tabel is dit duidelik dat daar 'n drastiese verskil aan aanvullingskoste is van so laag as N$16 per koei per jaar tot so hoog as N$423 per koei per jaar.

Die biologiese en ekonomiese prestasie van beeste op verskillende veldsupplemente:

	Tipe Supplement(*)			
	PrEP	P6/PrEP	P6	Sout
Produksie Parameter	94,4%	96,1%	76,3%	69,2%
Kalfpersentasie	222 kg	213 kg	191 kg	178 kg
Speenmassa	204 kg	182 kg	137 kg	109 kg
Produksie/Koei				
Waarde van produksie N$/Koei (Speenkalfprys van N$11/kg)	N$2305	N$2252	N$1603	N$1355
Lekinname (g/koei/dag)	637 g	243 g	125 g	150 g
Nat seisoen (P6 @ N$75/50 kg)	1019 g	658 g	125 g	118 g
Droë seisoen (Eco Droëveld @ N$70/50 kg	N$423	N$235	N$69	N$16
Totale lekkoste (N$/Koei/Jaar)				
Marge bo lekkoste	N$1882	N$2017	N$1534	N$1339
Verhoogde Inkomste	40%	50%	15%	

(*)
PrEP = Proteïen Energie Minerale Supplement droë en nat seisoen
P6/PrEP = P6 Minerale Supplement in die nat seisoen/ PrEP in die droë seisoen
P6 = Minerale Supplement droë en nat seisoen
Sout = Slegs sout droë en nat seisoen

Uit die tabel is dit duidelik dat, indien die boer slegs sout as 'n aanvulling sou gee, die biologiese prestasie van sy kudde aansienlik laer is as wanneer hy wel die voedingtekorte van die natuurlike weiding deur lekaanvulling opgehef het. Dit gebeur gereeld dat boere lekaanvullingskostes so laag as moontlik wil hou, en gevolglik nie die nodige voedingstoftekorte aanvul nie. Bostaande tabel toon duidelik dat die koste van aanvulling van minerale in die nat seisoen en proteïene, energie en minerale in die droë seisoen meer as nege keer hoër was as aanvulling van slegs sout. Die biologiese prestasie van diere wat die meer korrekte aanvulling ontvang het, het egter nadat die aanvullingskoste verhaal is, steeds 50 % meer in die boer se sak gesit. Dit is dus duidelik dat die boer eerder moet kyk na die korrektheid van lekaanvulling wat gepaard sal gaan met die biologiese prestasie van sy kudde en sodoende die winsgewendheid van sy boerderybedryf verhoog.